e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

22 Mei 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 15

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die mynstakings skep geleentheid vir barmhartigheid

Die arbeidsonrus en stakings wat tans in die platinumgordel rondom Rustenburg en Marikana heers, het 'n vlak van onmeetbare pyn en skade bereik.

'n Mens kry hieroor eers behoorlik begrip wanneer jy met mense praat oor hul pyn. Dan hoor jy verhale van mense wat die gesig van skuld en armoede sien. Nie een van hulle het gevra om in hierdie smeltkroes te beland en gemaal te word nie. Hulle is almal slagoffers van ander kragte wat aan die werk is.

Weet u hoe voel dit om by iemand aan te kom wat beangs is oor 'n toekoms wat skielik onseker lyk? 'n Man wat geskok en verward lyk oor iemand saam met wie hy gewerk het wat vermoor is? 'n Vrou wat vrees vir die veiligheid van haar man, of dat hy met die boodskap huis toe gaan kom dat hy nie meer werk het nie? Of persone in die sakesektor wat mense noodgedwonge kennis moet gee dat hulle afgelê gaan word omdat die besigheid nie werk inkry nie? Erger nog: Wanneer finansieringsinstansies en skuldeisers aan jou 'n dokument kom beteken waarvolgens meubels, motors of huise teruggeëis word?

Die stakings raak nie net die lot van mynwerkers nie, maar het 'n verlammende invloed op die ekonomie van die hele gemeenskap. Besighede moet noodgedwonge sluit. Skole en kerke kom onder druk. Al hierdie sake het 'n rimpeleffek en oral fluister mense hul seerkry teenoor mekaar.

Die stakings veroorsaak dat sommige skoolkinders nie kos het nie en dat sopkombuise nie meer genoeg het nie en sommige al onder die druk geswig het. Die kospakkies laat volwasse mans huil – enersyds oor die uitkoms wat dit bring, maar terselfdertyd oor die vernedering daarvan omdat hy self nie meer kan sorg nie. Ja, dink 'n bietjie daaroor...

In die godsdienstige tradisie is ons Calvinisties grootgemaak. Dit beteken dat ons opgevoed is met die etiese aansporing dat 'n mens eerbaar moet werk om jou brood te verdien. Wat doen jy egter wanneer jy eerbaar wil werk maar verhinder word?

'n Mens het sekerlik nie altyd beheer oor jou lot nie, maar as gelowige kan jy altyd gaan skuil in die gemeenskap van gelowiges. Die wêreld van gelowiges is 'n wonderlike wêreld. By hulle ontdek jy wat liefde werklik beteken en weet jy skielik self hoe barmhartigheid voel. 'n Mens vra nie om met 'n bepaalde lot getref te word nie, maar die wêreldse lot maak dat 'n mens God kan sien. Jesus is by geleentheid deur sy dissipels oor die lot van 'n blind gebore man gevra: *Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?* (1983-vertaling). Jesus se antwoord was: *Nóg hy, nóg sy ouers het gesondig; maar dit het gebeur sodat die dade van God in hom geopenbaar kan word* (nuwe direkte vertaling).

'n Wêreldse lot gebeur soms sodat mense teenoor mekaar barmhartig kan raak. God deel sy barmhartigheid teenoor elke mens uit. Net so word elke gelowige ook opgeroep om iets goddelik te gaan doen en aan ander barmhartigheid te betoon. Dit is wat gelowiges doen om ander te laat ontdek dat die wêreld van geloof wonderlik is. Jou liefde, ondersteuning en begrip kan 'n helende verskil maak aan die lot van ander mense. Paulus het met goeie rede geskryf: *Dra mekaar se laste* (Gal 6: 2), en *...wie barmhartigheid kan betoon, moet dit met blydskap doen* (Rom 12: 8 – nuwe direkte vertaling).

Ds Neels van Tonder, Buffelspoort
(Lees op bladsy 3 hoe u kan help.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds SS (Sonia) van Wyk** (beroepafwagtend) na Van Warmelo (deeltyds)
- **Prop QJ (Quinten) Schimper** (beroepafwagtend) na die Piet Potgieter/Roedtan-kombinasie (deeltyds)

Ds Sonia van Wyk



Prop Quinten Schimper

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds Chantel Francis se vader** is Sondagmiddag 18 Mei na ’n massiewe hartaanval oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Francis en haar familie.
- **Ds Etienne Fourie** van Gemeente Kempten en subredakteur van *Die Hervormer* het Maandagmiddag 19 Mei ’n gastroskopie en Dinsdag 20 Mei ’n angiogram ondergaan. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.
- **Ds Elsie Pretorius** van Gemeente Weltevreden aanvaar aan die einde van Junie 2014 vervroegde emeritaat. Die diens in die gemeente op Sondag 29 Junie begin om 09:00. Dr Gerhard Lindeque sal die akte van emeritaat aan ds Pretorius oorhandig en ’n groeteboodskap namens die Kommissie van die AKV oordra.
- **Ds Gerhardt Venter** is op 27 April 2014 losgemaak van Gemeente Saffierkus. Hy is beroepbaar gestel in die NHKA en kan gekontak word by **g@venter.za.net** / 083 448 0900.

Ds Elsie Pretorius

Ds Gerhardt Venter

- Op Sondag 18 Mei is ’n besondere **Woord-en-Lied-erediens** in **Gemeente Midstream** gehou met pragtige koorsang, fluit- en orrelmusiek, gemeentesang en Skriflesings gefokus op van Paasfees tot Pinkster. Die spesiale erediens is ook gebruik om die gemeente se nuwe CD bekend te stel en **dr Gerhard Lindeque** se verjaardag te vier. Die CD is die eindproduk van die gemeente se loodglasvensterprojek. Hulle het pragtige loodglasventers geïnstalleer en ’n **musiek-CD** bekendgestel om die projek te finansier. Die CD bevat bekende koraalvoorspele met fluit en orrel en is ideaal om voor en na die erediens te speel. Die musici wat opgetree het by die erediens was die Rheinberger-kamerkoor, Annelie Roux (fluit) en Eon Malan (orrel). Anneli en Eon is die kunstenaars wat die CD opgeneem het. Die CD, *Rejoice, the Lord is King*, is te koop by die gemeentelike kerkkantoor teen R100 (+ R25 posgeld). Kontak Rina by **info.mfk7@gmail.com** of 082 373 1486. *(Sien ook die advertensie vir die CD op bladsy 7.)*

Die sinodale personeel bou saam

- Op Woensdag 14 Mei het die personeel van die **Sinodale Kerkkantoor** deelgeneem aan die Ondersteuningsraad (OSR) en die Algemene Diakensvergadering (ADV) se projek vir **Nasionale Kinderbeskermingsweek** wat van 26 Mei tot 1 Junie 2014 plaasvind. Die personeel het nie-bederfbare voedselprodukte (hoofsaaklik blikkieskos) en skoolbenodigdhede geskenk vir hulpbehoewende kinders. Die personeel is versoek om soos kinders aan te trek (vrouens soos dogtertjies in pienk en mans soos seuntjies in blou en/of wit). Dit was groot pret om torings met die produkte te bou terwyl twee groepe teen mekaar meegeding het om te sien wie die hoogste toring kon bou. Rekkies is voorsien en al die geskenkte produkte

moes gebruik word. Boereworsrolletjies is vir ete voorsien. Dit was vir ons 'n riem onder die hart om te kon beleef hoe ons almal weer soos kinders kon wees – speels, sorgeloos en blymoedig, soos wat kinders veronderstel is om te wees. Dankie vir hierdie voorreg dat ons almal "kinders" van ons Kerk kan wees. Warm OSR- en ADV-groete! Vir meer inligting oor hierdie projek kan Charmaine Fourie by 012 322 8885 x313 / **oraadpb@nhk.co.za** gekontak word.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **sewende Sondag van die Opstanding, *Exaudi* (1 Junie):** "Die Sondag ná Hemelvaart (wat vanjaar op Donderdag 29 Mei herdenk word) staan bekend as *Exaudi*. Die naam word afgelei van die Latynse weergawe van Psalm 27: 7: *Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig...* Die gebed op hierdie Sondag vóór Pinkstersondag het te make met die nood van 'n weeskind. In die Nederlandse tradisie staan hierdie Sondag bekend as *Weeskindsondag*. Jesus het opgevaar na die hemel, en ons voel soos weeskinders wat agtergelaat is. Die prediking fokus daarom op 'n aspek van Johannes 14-16 waar Jesus te kenne gee dat Hy vir ons plek berei, ons nie alleen sal agterlaat nie maar weer na ons toe kom, en dat Hy die Heilige Gees na ons toe stuur om ons te troos en te lei in die waarheid. Te midde van die nood van die afwesige Heer, die vreugde en troos van sy drie beloftes."

- Die staking by platinummyne in die **Rustenburg-omgewing** neem nou krisisafmetings aan, en benewens die myne word kontrakteurs, sakeondernemings, skole en kerke geraak. Die Hervormde Kerk wil graag na die gemeenskappe in nood uitreik, en versoek al die gemeentes van die Kerk om op **1 Junie 2014** tydens hul eredienste spesifiek vir hierdie saak **voorbidding** te doen. By **die massa-erediens** wat op dié dag in die Aula (by die Universiteit van Pretoria) plaasvind, sal daar **van 16:00 af** geleentheid wees om nie-bederfbare kos, toiletware, warm klere en komberse vir mense in nood af te gee. **Geldelike bydraes** kan gemaak word deur 'n inbetaling in die Kerk se Rampfonds (Raad van Finansies, ABSA Bosmanstraat, tjekrekening 020 000 287, verwysing 16RAMP + donateur se naam) of deur 'n **SMS** met die woord Rust te stuur na 40156. Alle bydraes word verder deur die ADV bestuur.

armoede werkgroep armoede

- Diegene wat nood het, het naas 'n behoefte aan stoflike middele ook 'n behoefte aan geestelike ondersteuning. Die gevolge van **armoede** en die uitkringende effek van gebeure soos in Rustenburg kan 'n hele gemeenskap verlam. Dit is in tye soos hierdie dat ons mekaar moet herinner aan die almag van God. Ons moet vir mekaar bid. Ons vertroue is in God.

- Die redaksie van die ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*)** nooi ampsdraers en lidmate uit om artikels te lewer vir die volgende uitgawe. Die tema is *Ekklesiologie*, en spesifiek die problematiek rakende klein en kleiner wordende gemeentes. Die lengte van die artikels moet tussen vier en vyftien bladsye wees, en die **sperdatum is 30 Junie 2014**. Voornemende outeurs moet die redakteur, prof Natie van Wyk, so gou moontlik in kennis stel by **aim1@mweb.co.za**.

aksiegroep vir bejaardes

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Wees verdraagsaam teenoor ouer persone wat nie meer goed kan hoor nie. Dink hoe gefrustreer jy voel wanneer jy met 'n persoon met gehoorverlies probeer kommunikeer, en dink dan vir 'n oomblik daaraan hoe moeilik dit vir daardie persoon moet wees! Hulle wil graag hoor, verstaan en deelneem. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **Neem van 15 Mei tot 15 Junie deel aan PROJEK 21 se** *Tooi turkoois vir bejaardes* en wys jy gee om vir bejaardes. Stuur spreekwoorde, idiome en gesegdes wat handel oor bejaardes (met 'n verduideliking van die betekenis) in enige van ons landstale na **tooiturkoois@gmail.com**. Dra ook van 15 Mei tot 15 Junie turkooiskleurige klere en doen wat jy ook al kan om mense bewus te maak van

bejaardes se nood en behoeftes. Kry meer inligting by **www.goturquoise.co.za.** Ons soek uitdrukkings soos *Mulola kuzhika mambo a nsulo* (Noord-Sotho spreuk wat beteken: *'n Rivier is diep weens sy oorsprong, dus, die ouers en oudstes moet geëer word omdat hulle die oorsprong van ons lewens is*) of *Ou bokke pluk die hoogste doringpeule* (Afrikaanse idioom wat beteken: *Ou mans oortref dikwels die jonges*).

- **VAKATURE VIR ADMINISTRATIEWE BEAMPTE.** Hierdie halfdagpos is beskikbaar by die **Monument-dienssentrum**. Die suksesvolle kandidaat moet oor goeie kommunikasievaardighede beskik, veral ten opsigte van bejaarde persone. Die persoon moet syfervaardig en betroubaar wees en onafhanklik kan werk, en in besit wees van 'n kode 08-voertuiglisensie. Rekenaarvaardigheid in MS Office, veral Excel en Word, is noodsaaklik. Die pligte sluit in algemene kantooradministrasie, die vervoer van bejaardes na en van hospitale en dokters, aflewering van posstukke en voedsel, en die vervoer van 'n verpleegster na wonings in die gemeenskap. Die salaris is onderhandelbaar met normale diensvoorwaardes, en die werksure is van 07:00 tot 13:00. Die pos is onmiddellik beskikbaar. Faks asseblief 'n verkorte CV aan die bestuurder van Louis Trichardt-tehuis by 012 386 4259 of stuur dit per e-pos na **hf@otmt.org**. Die **sluitingsdatum is 26 Mei 2014**.



- Lees in Junie 2014 se kerklike publikasies:
  - ***Konteks***
    Juig oor die sekerheid wat die Heilige Gees bring
    Turkooisveldtog vir bejaardes 15 Mei – 15 Junie
    Maak kennis met die ring van Pretoria-Noord
  - ***Die Hervormer***
    Práát met jou kinders
    Die Heilige Gees praat met én deur ons
    Meer oor die nuwe Afrikaanse Bybel

- **Gemeente Brackenhurst in Alberton**, bekend as die Seester-gemeente, benodig 'n permanente klawerbordspeler vanaf einde Mei. Rig navrae aan Mariska Cilliers by 082 929 8882.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Saterdag 24 en Sondag 25 Mei: Gemeente Marble Hall 70 jaar**
  Alle oudlidmate, predikante en lidmate welkom
  Navrae aan Gerda by 013 261 1028 van 08:00 tot 13:00
  of by **hervmh@telkomsa.net**

- **Sondag 1 Junie vanaf 18:00: Massabyeenkoms in die Aula, UP**
  Sing, loof en prys die Heer!
  Navrae aan dr Sanrie de Beer by 083 226 1866

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 Mei, en word hartlik geluk gewens.**
  - Vrydag 23 Mei: Ds CJ (Carel-Johann) de Bruin (siekte-emeritaat)
  - Saterdag 24 Mei: Dr RJ (Robert) Jones (Kriel)
  - Sondag 25 Mei: Di RP (Rudi) Botha (beroepafwagtend), JJC (Johan) Koekemoer (Marble Hall) en DJD (Danie) Taljard (Sionshoogte)
  - Maandag 26 Mei: Di J (Jackie) Dippenaar (Oos-Moot) en D (Doret) Müller (beroepafwagtend / NG Postmasburg)
  - Dinsdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (Pretoria-Noord)

- Donderdag 29 Mei: Ds P (Paula) Eksteen-Erasmus (Midrand)
- Vrydag 30 Mei: Ds LA (Louis) Nel (emeritus)

'n Gedig vir die voorwinter

Reën in die voorwinter

Vier mure teen die Suidewind –
my swartoogvrou, my blondhaarkind.

Kareehoutstompe in die vuur,
ketel en kaggel brons geskuur.

My bont koei lê op koringstrooi,
my swart haan roep die dagbreek rooi.

Soet deur die lang nag sing die reën;
moflammers sal ek vroeg-Mei speen.

Die wendam stoot sy uitloop oor –
blink breek my ploeg die middelvoor...

GA Watermeyer
(Uit: *Sekel en simbaal* 1948)

Beplande vergaderings

- Donderdag 22 Mei: OTMT Bestuurskomitee
- Vrydag 23 Mei: Werkwinkel: *Profiel van die afgestudeerde teologiestudent en die toekomsbeplanning van die HTK*
- Dinsdag 27 Mei: Predikante- en Personeelpensioenfonds

Allegaartjie

Jy moet jou eie groeiwerk doen, maak nie saak hoe lank jou oupa en jou pa was nie.
(Ierse spreekwoord)

Kursusse en toerusting

- **Toerusting: Ring van Potchefstroom en die HTK**
  Tema: *Woord en Gees*
  Spreker: Prof Andries van Aarde

Plek: Gemeente Potchefstroom-Suid
Datum: **Dinsdag 27 Mei** 10:00-12:00 met middagete daarna
Koste: Slegs die koste van die middagete – R50 per persoon
Alle belangstellende predikante, emeriti en ouderlinge welkom
Indien u die middagete saam wil geniet, kontak ds Schalk Kok
Tel 018 294 4966 / 079 038 4121

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

- **Kom toer saam deur Israel: 23 November tot 1 Desember**
  Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)
  Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente Turffontein: Akkerboomfees**
  Drie in 'n span vir aflos boeresportkompetisie
  Op kerkterrein hv Biccard- en Presidentstraat
  Kontantprys van R500 vir die wenners, R300 vir die naaswenners en R200 vir die derde plek
  Ander pryse sal ook toegeken word
  Dis boeresport met 'n kinkel!
  Meer inligting en inskrywingsvorms by Lucas (082 552 9403 / **lukas@12n.co.za**)

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017 of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30 by 011 826-4625

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei, trekking 1 Junie
  Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf
  Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met ’n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

Basaars en markte

- **Saterdag 24 Mei: Gemeente Groeneweide in Germiston**
  4x4-familiedag
  Stalletjies teen R100 vir die dag vir enige produk uitgesluit kos en koeldrank
  Inskrywing vir 4x4-kompetisie teen R100 – pryse te wen
  Kwads / vierwielers teen R50 vir 10 ritte om die baan – vir pret, geen pryse
  By die 4x4-baan tussen Elsburg en Elspark in Brugstraat
  Kontak Ria Kruger by 082 417 8508

- **Saterdag 30 Mei vanaf 12:00: Gemeente Delmas: Basaar**
  Tema: *Boererumoer*
  Kosstalletjies, vleis (bestellings by kantoor), koek en tee
  Speletjies en skattejag
  Sarel Celliersstraat (langs KFC)
  Navrae by 013 665 2679

- **Vrydag 30 en Saterdag 31 Mei: Gemeente Losberg op Fochville**
  Basaar met kosstalletjies, vleis, witolifanttafel en tierlantyntjies
  Vir die kinders ’n spookhuistent en speletjies
  Kontak dr Ernest Marran by 082 444 1089

- **Saterdag 31 Mei: Gemeente van der Hoff: *80-reënboë-basaar***
  Op nuwe kerkterrein in Springbokstraat Cul-de-Sac
  Kom kuier saam – hope vars groente en vleis te koop
  Navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993

- **Saterdag 31 Mei vanaf 08:30: Gemeente Lichtenburg: Oesfees**
  Local is lekker met gaskunstenaar Riana Nel
  Kindervermaak, veiling, plaasstalletjie en ander
  Kompetisies met groot pryse, kaartjies R20
  Kwaliteitvleis teen uiters billike pryse
  Meer as 200 groot koeke en meer as 800 pakkies klein koekies en beskuit
  Kontak Du Toit van der Westhuizen by 082 877 6749
  Willie Manders by 018 632 4830 / **williemanders@arestan.co.za**
  Ds Gerrie Senekal by 082 576 1141 / 018 632 2658 / gcsenekal@nhk.co.za

- **Saterdag 7 Junie vanaf 08:00: Gemeente Lydenburg: Vleisfees**
  Vleis en biltong, verversings en gebak, vars plaasprodukte
  Speletjies en ander vermaak
  Viljoenstraat, Lydenburg
  Navrae aan ds Willie Botha 082 786 3458 (**wbot@absamail.co.za**)
  of Liesie 013 235 3554 (**naglydenburg@xsinet.co.za**)

ANDER NUUS

- **Vakature: Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
  Dame (35-50 jaar) om hoofsaaklik NHSV-boeke te hanteer
  Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans;
  opstel van inkomste- en uitgawestate; rekenaarvaardig;
  kennis van werksaamhede en boekhouding van NHSV 'n aanbeveling
  Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;
  goeie kommunikasievaardighede
  Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
  Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
  of per faks na 012 322 7909

- **Vakature: Junior Ouditklerk by Sinodale Kerkkantoor**
  Vereistes: Matriek; kennis van boekhouding tot proefbalans; rekenaarvaardig
  Verdere vereistes: Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van span te funksioneer;
  goeie kommunikasievaardighede
  Salaris onderhandelbaar, normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum vir aansoeke 31 Mei 2014
  Aansoeke met CV aan mev AW Short by **annelie@nhk.co.za**
  of per faks na 012 322 7909

- **Ondersteun Tekkie Tax-dag op Vrydag 30 Mei**
  Kontak Cornèl Theron by 012 663 8181 / **tekkietax@mweb.co.za**
  www.tekkietax.co.za
  Tekkie Tax-plakker vir 'n R10-donasie
  5 verskillende plakkers om van te kies:
  Allerhande DIERE
  Basiese FAMILIEdienste
  Cool KINDERS
  Dienslewering aan GESTREMDES
  Essensiële ONDERWYS
  Op Tekkie Tax-dag dra jy jou groot plakker op jou bors
  Die kleintjie dra jy op jou selfoon vir die res van die jaar
  Wat ook al jou uitrusting vir die dag, *maak seker jy dra jou tekkies!*
  Tooi jou tekkies op met die oulike skoenveters *Tekkie Tags*
  vir 'n R30-donasie (en die plakker van jou keuse is ingesluit)

- **Hardloop Comrades vir Bybels: Sondag 1 Junie**
  90 km van Pietermaritzburg na Durban
  Besoek van 29 tot 31 Mei die Bybelgenootskap se stalletjie
  by die Bonitas Comrades Expo
  Kontak jou naaste Bybelhuis vir meer besonderhede
  of gaan na **www.bybelgenootskap.co.za**

- **Orrelis Martin Mans in konsert: Donderdag 12 Junie vanaf 19:00**
  NG Kerk Overkruin, Kameeldoringlaan 65, Wonderboom
  R100 per persoon, kaartjies by deure beskikbaar
  Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per

faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Ons smeek U, Here, wees ons hulp en ons krag!
Red dié wat deur beproewing gaan,
laat dié wat eensaam is, u genade beleef.
Tel die gevallenes op, betoon Uself aan die armes,
genees die goddeloses, bekeer dié van u mense wat afgedwaal het.
Voed dié wat honger is, hef die swakkes op,
troos die swakmoediges.
Laat alle mense beleef dat U alleen God is,
dat Jesus Christus u Seun is
en dat ons u volk en die skape van u kudde is.
In die Naam van Christus Jesus.
Amen.
(Clementius van Rome, oorlede 95 nC)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx